

**Skriflesing:** 1 Johannes 1:1-10Teks: **1 Johannes 1:4, 1 Johannes 5:19****VOORAF SANG: Ps. 45:1,15,16****TYDENS EREDIENS: Ps. 66:1, Ps. 19:1; Ps. 65:8; Ps. 100:1,4****1 Johannes 1:1-10****1Jn 1:1** Wat van die begin af was, wat ons gehoor het, wat ons met ons oë gesien het, wat ons aanskou het en ons hande getas het aangaande die Woord van die lewe—**1Jn 1:2** en die lewe is geopenbaar, en ons het dit gesien, en ons getuig en verkondig aan julle die ewige lewe wat by die Vader was en aan ons geopenbaar is—**1Jn 1:3** wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan julle, sodat julle ook gemeenskap met ons kan hê; en ons gemeenskap is met die Vader en met sy Seun, Jesus Christus.**1Jn 1:4** En ons skrywe hierdie dinge aan julle, sodat julle blydskap volkome kan wees.**1Jn 1:5** En dit is die verkondiging wat ons van Hom gehoor het en aan julle verkondig: God is lig, en geen duisternis is in Hom nie.**1Jn 1:6** As ons sê dat ons met Hom gemeenskap het en in die duisternis wandel, dan lieg ons en doen nie die waarheid nie.**1Jn 1:7** Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde.**1Jn 1:8** As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onself en die waarheid is nie in ons nie.**1Jn 1:9** As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.**1Jn 1:10** As ons sê dat ons nie gesondig het nie, dan maak ons Hom tot 'n leuenaar en is sy woord nie in ons nie.**1 Johannes 5:19****1Jn 5:19** Ons weet dat ons uit God is en die hele wêreld in die mag van die Bose lê.**Skriflesing:** 1 Johannes 1:1-10Teks: **1 Johannes 1:4; 1 Johannes 5:19****VOORAF SANG: Ps. 45:1,15,16****TYDENS EREDIENS: Ps. 66:1, Ps. 19:1; Ps. 65:8; Ps. 100:1,4**

Geliefdes 'n vraag wat ons hier aan die begin van die Johannes-brief kan vra is, wat is die dinge wat jou nog regtig blymaak. Watter voorreg om vanoggend saam met die apostel Johannes te besin dat jou blydskap volkome moet wees. Johannes was reeds 'n baie ou man toe hy hierdie briewe van hom geskryf het. Jesus was lank terug -50-60 jaar (dalk nog langer) op aarde gewees toe Johannes hier geskryf het. In hierdie lang tyd wat Jesus al opgevaar het, het Johannes oud geword, dit is nou al omtrent 90/100 n.C. as hierdie Johannes-briewe verskyn. 'n Baie oumens wat oor wonderlike hemelse waarhede in hulle diepe aardse betekenis homself moes verantwoord. 'n Ouman wat oor volkome blydskap wil praat. Is dit nie aangrypend nie?!

\*\*\*

Ja, nou lees ons vandag uit hierdie brief langer as 2000 jaar terug wat Jesus op aarde was.

Die vraag aan ons vandag hoeveel het intussen verander. Hoeveel kan hierdie briewe nog vir ons werd wees. Ja, laat ons dit wat ons voortdurend in die briewe gaan aantref sommer van die begin af raaksien en dit eintlik as merkers op ons "Johannes pad" aandui. U sal voortdurend in die brief gewys word wie ek en jy is en wie ons kan wees. Wat is waarlik die

dinge wat jou kan bly maak. Dit geld na gees en liggaam. Gees en liggaam wat voortdurend saam gesien moet word, saam geplaas moet word. In Johannes is gees en liggaam altyd saam. Voortdurend sal ons ook hoor hoe is die wêreld waarin ons leef. Watter dinge is vir die wêreld belangrik. Belangriker nog in hierdie briewe moet die kerke van alle eeue werklik dit diep insink. Wie Jesus Christus waarlik is. Wie is Hy toe Hy op aarde was, Wie is Hy nou terwyl Hy nie meer as mens op aarde is nie.

Dit alles lê diep verpak in wat ons elke keer na die laaste hoofstuk van die eerste brief terugvoer as daar vir die gelowiges van alle tye gesê word- **ONS MOET WEET DAT ONS UIT GOD IS...** 1 Johannes 5:19 is soos 'n refrein wat heeltyd wat ons met die brief besig is deur ons koppe moet maal. Waar ek ook al in hierdie brief myself bevind dit is nooit los te maak van 1 Joh. 5:19 nie- **19** *Ons weet dat ons uit God is en die hele wêreld in die mag van die Bose lê.* Of soos die 1983-Vertaling dit ook treffend stel ... *Ons weet dat ons aan God behoort en dat die hele sondige wêreld in die mag van die Bose lê.* Die BDV stel dit egter presies soos ons ouer vertaling vanoggend.

\*\*\*

Ons moet weet dat ons uit God is. Hoe belangrik om daarby te begin. Dit is ook waar ons blydschap moet begin. Dit moet uit God wees... Met watter probleem, watter spanning, watter groot ongelukkigheid, watter pandemie in die tyd daar ook in jou en my lewe mag wees, onthou jy kan aan God vashou. Weet dat God weet. Dink vanuit hoe God dink, jy het tog sy Woord, werk met die besef jy kom van God af, God roep jou, God stuur jou... Weet dat jy **úit** God is. Niks kan daaraan verander nie. Nou het ons vandag nie by 1 Johannes 5 begin nie, maar wel by 1 Johannes 1- die begin van die brief.

As teksverse het ons aangegryp – 1 Joh. 1:4- **4** *En ons skrywe hierdie dinge aan julle, sodat julle blydschap volkome kan wees.* U hoor dat hier word gepraat van 'n volkome blydschap. Waar vind ek dit? Wat is werklik die dinge wat my bly maak? Ons erken heel gou dat in vandag se lewe is die dinge wat my hartseer maak, die dinge wat ons mee worstel, die dinge wat maak dat ek nie bly is nie, dit amper vir my makliker is om dié dinge op te noem wat my ongelukkig maak as om te begin praat oor die dinge wat my regtig bly maak.. Hoeveel van ons kry dit reg om te praat van 'n volkome blydschap in sy/haar lewe?!

Wanneer Johannes hierdie doel van sy skrywe daarstel dan skryf hy na alle waarskynlikheid vir gelowiges wat in 'n baie groot stad, in Efese gebly het. Klaar kan ons identifiseer. Mense in 'n stad, maar hierdie mense is maar min wat waarlik in Christus glo. Hulle is maar 'n

handjie vol wat na mekaar se huise kom as hulle bymekaarkom. Daar was op geen manier sprake van 'n gemeente met honderde lidmate nie. Hier dalk maar 20/30, daar dalk so 50 mense, ander plek maar weer seker net 10 gelowiges; hulle weet baie keer nie eers van mekaar soos wat mense in 'n groot stad opgesluk kan word nie.

\*\*\*

In Efese het hulle besef ons is vêr in die minderheid, ons maak eintlik geen merk in die stad nie, want as ons op die stadsplein kom dan is die massas besig met ander dinge. Wat die godsdiens aanbetref het die massas geglo dat die keiser is god. Die keiser is bo-menslik. Die keiser beskerm hulle, ja die vrede wat ons in die stad ontvang is die keiser wat dit vir ons gee. En ons het wel ander gode ook, dit sal hulle erken, gode wat hierdie stad regeer, 'n massa-idee, 'n massa-godsdiens was aan die orde van die dag wat natuurlik op geen manier kon aansluit by wat Johannes vir hierdie klein klompie ware gelowiges in Efese skrywe as hy vir hulle wil vertel dat daar kan net een God wees.

Een wat van begin af was. Kyk hoe mooi sluit die evangelie van Johannes aan met wat hy nou ook in hierdie besondere brief verduidelik. Joh. 1:1-2 *1 In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. 2 Hy was in die begin by God.* Dan nou die brief- 1 Joh. 1:1- 2- *1 Wat van die begin af was, wat ons gehoor het, wat ons met ons oë gesien het, wat ons aanskou het en ons hande getas het aangaande die Woord van die lewe— 2 en die lewe is geopenbaar, en ons het dit gesien, en ons getuig en verkondig aan julle die ewige lewe wat by die Vader was en aan ons geopenbaar is—* Johannes praat deurgaans van Hom wat waarlik die Seun van God is, Hy wat waarlik die pad vir ons kom oopmaak het, Hy wat vir ons sorg, baie beter as wat die keiser homself kan voorstel.

\*\*\*

Tog moet ons terstond by die lees van hierdie brief 'n baie moeiliker probleem in die agterkop begin vashou. Johannes het nie die brief geskryf in die hoop dat die heidense massas dit sal lees nie. Nee, alles behalwe! Johannes skryf na sy evangelie, nog weer as ouman hierdie brief, eintlik drie briewe, omdat hy kon agterkom almal wat sê dat hulle aan Jesus Christus glo, hulle het onder mekaar alreeds verward en verdwaald begin raak oor nie wat die heidene hulle laat twyfel nie, maar wat ander mense wat hulleself ook kinders van God noem, my laat twyfel. In Efese was in daardie tyd 'n baie erge christelike dwaling, wat ons noem die Gnostiek.

\*\*\*

Veral in Efese was daar 'n man wat gesê het dat hy is 'n christen, 'n man met die naam Serintus, welsprekend, invloedryk, iemand wat in die kleine baie groot invloed kon uitoefen op hierdie mense wat maar nog in hulle kinderskoene gestaan het as dit sou gaan om wat waarlik die inhoud van jou geloof in Jesus Christus is. Kortom, die gnostiek het geleer dat alle materiële dinge, ook jou vlees, jou liggaam, ja ons moet alle aardse dinge hierby inreken, dit is dinge wat sleg is. As jy met jou hande aan iets kan vat is dit by voorbaat sleg. Dis sleg, dis sondig, maar nou kom die mens met die gnostiek en hy verbeel hom die geestelike dinge is die goeie dinge, net die geestelike kan goed wees. Dinge buite my liggaam om, dinge wat ons nie met die hande aan kan vat nie, dit is die goeie dinge.

Nou laat die leer van die gnostiek die mens glo dat op 'n stadium het dit gebeur dat die geestelike in die materiële, selfs in die liggaamlike vasgevang geraak het. Die gees sit soos 'n gevangene in die menslike liggaam opgesluit en omdat die gees eintlik ingehok word, is dit baie sleg want die gees word radeloos en moedeloos en traag en kan nie uitkom nie. Vir die gees is daar geen rede om bly te wees nie. Serintus het hierdie dwaling van hom al verder gevoer. Hy het verder geleer dat die gees in die mens moet wakker geskud word deur goeie preke en moet kennis van God kry. Met die krag van God se openbaring, met hierdie openbaring van bó moet die gees wakker geskud word, dat die gees uit die slegte liggaam losgeruk kan word. Daardie loskom van die gees in die liggaam vasgevang, word dan as redding beskryf. Dit klink met die eerste hoorslag iets wat ons kan aangryp!

\*\*\*

Broeder en suster, as u hierna luister, dan sal baie mense sê maar het Serintus nie tog maar eintlik die waarheid beet nie. Daardie gelowiges in Efese was werklik in die war want al is hulle getalle so min het dit nie voorkom dat hulle onder mekaar met erge twiste en stryd en verdeeldheid te doen gehad het nie. Party gee Serintus gou gelyk, hy kan tog reg wees, hy moet geglo kan word, ander sê weer dit wat die Johannes-brief primêr in die oog wil hou. Pasop vir hierdie dwaling!

\*\*\*

Wat is die kern van hierdie dwaling. Ons moet dit vandag steeds goed raaksien, want moet nie dink die kernidee van die gnostiek bestaan nie meer nie. Die eerste baie belangrike vashaakplek as ek met die gnostiek vasval is om te verstaan Wie Jesus Christus werklik is. Die gnostiek het hulle valsheid op Jesus wou oordra, deur te sê dat Jesus het geen wonders gedoen voor Hy nie gedoop was nie. Eers na sy doop met die Heilige Gees, toe begin Hy

skielik wonders te doen. Die vleeslike Jesus en die geestelike Christus het eers by die doop in die Jordaan met mekaar verenig.

\*\*\*

Daarom dat Johannes die liggaamlike van Christus sommer in die eerste vers van sy brief na vore bring. Johannes sê nie verniet hierdie dinge baie vroeg nie. Pasop om Jesus se liggaamlike, sy vleeslike, sy na-die-oog Jesus sommer af te gradeer, as minder werd, asof Jesus maar net 'n skyn-liggaam gehad het. Ja, dit het die gnostici gesê- maar sê Johannes ons het Hom werklik met ons oë gesien, ons het met ons hande aan Hom gevat (1 Joh. 1:1). Jesus het nie maar net 'n skynliggaam gehad nie. Die Woord van die lewe het ons saamgevat, aan ons is die lewe geopenbaar, geen skynlewe nie, maar ons het gesien, ons het getuig, ons het verkondig, die volle openbaring van God, sy Woord in Jesus Christus. Daardie lewe het vir ons die ewige lewe beteken. Dis 'n lewe wat net by God die Vader kan wees en aan ons geopenbaar is. Weereens wil Johannes as ouman sy oue hande, sy oue oë, sy oue verstand in verband bring, want sê hy weer in vers 3- *wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan julle, sodat julle ook gemeenskap met ons kan hê en ons gemeenskap is met die Vader en met sy Seun, Jesus Christus....*

Johannes waarsku ons teen dinge wat so reg en mooi mag lyk, maar wees maar altyd versigtig, daar is dodelike dwalings in die wêreld maar veral ook in die kerk. Ons erken dat klein bietjie gif reuse en ernstige gevolge kan hê. Ons wat weet dat ons uit God is, ons besef die wêreld lê in die Bose- onthou 1 Joh. 5:19- maar ons wil ons belydenis oor Jesus Christus al duideliker en duideliker formuleer. Johannes werk met baie verfynde taal as dit gaan oor Wie Jesus Christus vir ons is.

\*\*\*

Ons belydenis oor die Christus, oor Wie Jesus Christus werklik is, moet ons Hom reg ken, reg bely. Waar ons vandag maar die eerste 10 verse van hierdie pakkende brief gelees het, laat vers 6 by ons duidelik vassteek- *6 As ons sê dat ons met Hom gemeenskap het en in die duisternis wandel, dan lieg ons en doen nie die waarheid nie. 7 Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar...* Dit is waarom ons nie, maar kan voortkarring deur op die internet en sg. virtuele eredienste ons toekomstige kerkgang in te kleur nie. Dit gaan op 'n ramp afloop. As mense gaan aanhou om van die kerk weg te bly, deur werklik nie met mekaar in aanraking te kom nie nie, sal daar op die einde van die wese van kerk-wees niks oorbly nie.

Dis nie hoe die Christus van die Kerk wil hê ons moet optree nie. Luister weer na vers 7 *Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar...* - Ons moet werklik met mekaar gemeenskap hê, daar moet kontak wees, al hou ons dit by die basiese van veilige kontak, maar soos kerk-wees tans aankarring sal 'n keerpunt moet kom.

Ons moet deur mekaar se nood aangespreek voel, ons kan nie verby mekaar leef asof elkeen maar net vir homself moet sorg nie, haarself/homself tog moet beveilig nie. Asof ek nie nodig het om wat die liggaamlike betref naby mekaar te kom, na mekaar om te sien nie. Die Gnostiese dwaling kom baie dwars weer ons tyd ingeskuif. In die lig van God moet daar na mekaar gekyk word. So kom jy eintlik by jouself uit. Ek wat myself moet sien in die spieël van ander mense. Wanneer ek ander mense in hulle lewe kan bly maak, dan sal ek ook bly raak. As jy daarop uit is om ander ongelukkig te maak, om ander te verkleineer en te vertrap, kyk maar hoe ongelukkig sal so 'n mens op die einde nie oor homself/haarself wees nie. Alles behalwe dit wat ons teksverse sê – daar sal geen volkome blydskap wees nie. Terwyl een groot doel van hierdie brief is, dit wat die Engelse spreekwoord ook sê- Do good, feel good... *Laat jou blydskap volkome word...*

\*\*\*

Ons kan baie konkreet na die lewe van Kain gaan kyk. Hoor die vraag wat die Here hom in Gen. 4:6-7 vra- *Waarom is jy kwaad, en waarom laat jy jou hoof hang? 7 Is daar nie verheffing as jy goed doen nie? En as jy nie goed doen nie—die sonde lê en loer voor die deur, en sy begeerte is na jou; maar jy moet daarvoor heers.* 'n Mens mag nie maar sommer maak soos wat jy voel nie. Eers die regte optrede, doen goed...dan vloei die vrede en blydskap van daaruit voort. Luister weer mooi wat die Here vir Kain sê... *7 Is daar nie verheffing as jy goed doen nie? En as jy nie goed doen nie—die sonde lê en loer voor die deur.* Kain het nie by goeddoen, by die regte optrede begin nie, nee, Kain het sy gevoel gevolg en dit met die mees tragiese gevolge. Dis altyd verskriklik om te weet die heel eerste moord op aarde is in die kerk, met kerklike gevoelens, offergevoelens bedink. Die heel eerste moord het op godsdienstige terrein plaasgevind, waar gevoelsgodsdien nog altyd van die gevaarlikste kan wees wat daar is. So baie mense het deesdae 'n gevoel in die kerk is dit rondom die virus nie veilig nie, nou bly ons sommer weg. Asof dit in die kerk gevaarliker is as in 'n ry by Spar of by Shoprite. Dit maak nie sin nie!

Die charismatiese godsdien en dáárby ingesluit die sg charismatiese kerke, wil die lewe net 'n goedvoel lewe maak, “'n new life” is wat hulle dink alles te bowe gaan kom, want gee

hulle voor my belydenis, die werklike ankers van 'n Christus gefundeerde kerkgeskiedenis, 'n werklike verbondsgemeenskap en gemeenskap met mekaar ... ja die fondasie van die Ebenhaeser oortuiging van geskiedenis wat die verhaal vertel van tot hiertoe het God ons gehelp. My vraag is hoekom sal God ons nie weer in die tyd help nie.

Na Kain se moord deur sy gevoelens aangevuur worstel hy met die grootste minderwaardigheidskompleks! Nou voel hy hom so bedreig deur alles en almal. Almal wat my nou sien gaan my doodmaak. Ja, hy voel skielik so jammer vir homself, wat natuurlik 'n diepere kanker vir blydschap word. Hierdie gevoel van minderwaardigheid vreet blydschap op dat daar niks van oorbly nie.

Terwyl wat ons vandag besef, baie duidelik is. Alleen die uit God gebore, met ander woorde gesê, die feit dat God jou gekies het en dit nie jy was wat eers vir God kon kies nie, jy het geen beheer oor jou sg "new life" nie, maar God het die eerste en die laaste sê daarvoor. God bewaar my van die Gnostiese idees van ons tyd, dis die dinge wat ons kan blymaak en waarvoor ons bly kan wees.

Die "new life" is reeds in my en dit hoef nie oor my te kom nie. In my liggaam en in my gees. Wie uit God is, ken Jesus Christus, Hy die enigste vaste grond, die enigste rede dat daar vir ons in hierdie wêreld blydschap kan wees. In Nehemia 8:11 sê die Here daar ook iets baie belangrik. *Die blydschap van die Here- dit is julle beskutting.* Met hierdie blydschap kon Nehemia die volk aanspoor om die puin van Jerusalem en die stukkende tempel weer op te bou. God se Woord deur sy asem gevorm moet jou aanblaas, aanvuur, dat in hierdie blydschap kan ek na die pandemie-wêreld om my kyk. Ek hoef daarvoor nie maskers op te sit nie, ek moet nie hiervoor 'n masker op te sit nie. Onthou maar Nehemia se woorde ... *Die blydschap van die Here- dit is julle beskutting*

Ware blydschap begin by God, dit begin by hom hom/haar, uit God gebore, ja onthou elke keer as ons die brief van Johannes oopslaan gaan dit oor dat ons wat weet dat ons uit God is en dat die wêreld, dat die hele wêreld in die mag van die Bose lê. Uit God is blydschap nie 'n gevoel nie, dis nie, maar jou "new life" nie ... nee dit staan op 'n vaste grond, dit is jou anker in Christus. Blydschap wat dan eindig in die besef van wat het ek nie alles ontvang waarvoor ek God dankbaar moet wees nie. Dit gee ruimte en bevryding, op die einde is blydschap wel ook 'n gevoel, ja dit kan nooit as 'n gevoel begin nie, maar dit eindig in die gevoel van ek is

werklik bevoorreg om vanoggend hier te mag wees, om 'n kind van God te mag wees, om te mag sê dat *my blydschap in God kan volkome wees ...* mag dit ook vir u al hoe duideliker word.

AMEN